# HOOFSTUK VII.

## DIE INHOUD VAN DIE OPVOEDING.

Op die weg tussen uitgangspunt en doelpunt is dit nodig om fisiese en psigiese voedsel vir die vorming en ontwikkeling van die opvoedeling te verskaf. Hierdie leerstof moet in die eerste plek verband hou met die opvoedingsdoel en ons lewens- en wêreldbeskouing terwyl dit tweedens ook rekening moet hou met die kind se sielkundige vermoë en gemeenskapseise. Om die opvoedeling dan na liggaam, siel en gees te versorg, te vorm en te ontwikkel is dit gebiedend dat ons oor 'n gepaste onderwysinhoud of leerstof sal beskik. Hierdie inhoud, behoort weëns die rykheid van die lewe en die verskeidenheid van leerlinge 'n wye omvang aan te neem sodat dit die ses hoof leergebiede kan insluit. Deur behoorlike ordening en rangskikking daarvan, moet dit dan so keurig uitgesoek en saamgestel word, dat dit by die opvoedelinge sal pas.

(a) Adamson se eise vir die keuse van die leerstof.

Volgens Adamson is die doel van die opvoeding, aanpassing. Vir sy mens verlang hy 'n opvoeding wat hom sal aanpas aan 'n natuur-, kultuur- en 'n sedelike orde. Wanneer hy tot hierdie drie ordes aangepas is, sal hy ook aan die hele werklikheid, wat vir hom die Godheid uitmaak, aangepas wees. Sy hele werklikheid bestaan uit 'n kenning van die natuur, die kultuur en die sedelike. Op grond van sy opvatting oor die lewe en die doel van die mens kies hy dan sy leerstof op so 'n wyse dat dit 'n aanpassing aan en 'n kennis van sy drie werklikheidsordes sal meebring.

Om sy opvoedingsdoel te bereik en die kind liggaamlik, sielkundig en verstandelik te vorm, kies hy sy leerstof op grond van die vereistes wat hy aan 'n kennis van sy werklikheidsordes stel.

Wat die opvoeding kan doen om aanpassing te bewerkstellig moet gedaan word, derhalwe ag hy dit nodig dat die opvoeding van alles gebruik sal maak om die gees of intellek van die kind te vorm. Deur 'n verskeidenheid van aanbieding moet die gees sy eie vermoë en magte kan ontdek. So 'n opvoeding moet die kind in kontak bring met die skone, deur letterkunde en kuns. Deur die natuur en sy werkinge moet hy die pad van waarheid besigtig. Die kultuur moet 'n uitsig op die grootsheid van die mens se werke verleen deur geskiedenis, letterkunde en ekonomiese verhoudings. Deur sedelike voorbeeld en wet, aangevul deur die inspirasie van die godsdiens, moet sedelike ideale gebore word.

Hoewel Adamson sy leerstof op 'n nuwe wyse indeel, handhaaf hy tog die tradisionele leervakke. Hier en daar word die orde omgeswaai, iets bygevoeg, 'n nuwe interpretasie gegee, dog sy voltooide kursus baseer hy op geskiedkundig-tradisionele grondslag.

Van sielkundige kant gesien is Adamson presies. Hy begin met die vakke wat by die kind se kennis en ervaring pas en bepleit 'n praktiese kontak met die werklikhede van die kind se tuisomgewing. Dis sy uitdruklike verlange dat die kind self met die feite en gegewens sal werk, sodat hy hoofsaaklik deur eie toedoen tot aanpassing en kennis sal kom. Die sielkunde moet as wetenskap slegs in sy toegepaste vorm gebruik word, sodat simpatie, intuïsie, entoesiasme, flinke diagnose, takt en aanpasbaarheid kan bydra om die kind se probleme te vergemaklik.

'n Ander eis aan leerstofkeuse is die logiese, maar hy verkies dat die beginsel van stofkeuse in die laerskool meer op sielkundige as op logiese gronde sal geskied. Aanvanklik kan die kind die logiese prosedure nog nie snap nie

en derhalwe sal hierdie eis eers tot sy reg kom by die stadium van die natuurwetenskappe, humaniteite en die waardebepalende vakke.

Omdat Adamson se opvoedingsdoel in 'n hoë mate 'n streng sosiale opvoeding verg, maak hy spesiale voorsiening vir die beginsels van die sosiologie. Al sy leerstof word so gekies dat die mens 'n deeglike sosiale vorming en ontwikkeling kan ondergaan. Deur geskiedenis, aardrykskunde, staatsvorm, ekonomie en ekonomiese verhoudings, taal, letterkunde en spesiale vak- en skoolopleiding, wil hy sy opvoedeling volkome tuismaak in die ryk van die kultuur. Opvoeding is vir hom 'n lewe wat geleef moet word en hierdie proses vind in die maatskappy plaas.

'n Verdere eis wat hy aan die leerstofkeuse stel is die van 'n onderlinge verband. Vir hom is die aanpassing aan die drie ordes 'n aanpassing aan die logiese geheel - die werklikheid. Derhalwe eis hy dat die stofkeuse in verband met sy natuurryk so gekies sal word dat dit reeds die weg voorberei vir aanpassing aan die ryk van die kultuur. Die ideale wat wakker gemaak word in aanpassing aan die ryk van die menslike beskawing sal weer die grondslag vorm vir die mens as 'n sedelike wese. Sy opvoedingsideaal sou seker onbereikbaar wees as sy korrelasie-eise nie streng gehandhaaf word nie. Dwarsdeur sy hele tema is hy gedurig besig om teen isoloasie, engheid en gedeeltelike aanpassing te waarsku.

(b) <u>Sy leerstofkeuse</u>.

By die keuse van leerstof begin Adamson met die natuur. Hy sê: "The first is direct exploration of the phenomena of nature".[1] Dis nie sy plan om die eie indiwidualiteit van 'n skool aan bande te lê nie, en gevolglik bemoei hy hom hoof-

---

1) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls.63

saaklik met die beginsels van stofkeuse, terwyl die besonderhede aan die skool oorgelaat word.

Hy lê dan die volgende beginsels neer:

1. Deur die leerstof moet die kind hom aan die werklike natuur kan aanpas en nie aan prente, tekeninge, diagramme en woordelike beskrywings nie. Indien hierdie dinge die kind se eie werk is, het dit wel 'n verklarende plek en doel in die behandeling van die stof, dog dit mag die werklikheid nooit verduister nie. "The story of the dew-drop must end on the grass or the flower!"[2] Uit hierdie beginsel volg dit verder logies dat die leerstof uit die kind se onmiddellike omgewing gekies moet word. Hoewel die keuse van gegewens feitlik onbeperk is, moet elke item egter sy keuse regverdig volgens die verband wat dit met die kind handhaaf, d.w.s. dit moet die kind se belangstelling opvorder en die emosie van bewondering sterk.

2. Om die kind se onwillekeurige belangstelling gaande te maak, moet die stof 'n relatiewe nuwigheid openbaar. 'n Veraf wolk mag ons lewende bewussyns-ervaring verryk as dit met die dak van 'n huis of die skaduwee van 'n boom vergelyk word. In dié sin begin weetgierigheid en bewondering op die regte plek - in die ogo self.

3. Dis egter ook van belang dat die stofkeuse deur wetenskaplike, sosiale bruikbaarheid beïnvloed sal word. Die leerstof moet nie as 'n deel van een of ander wetenskap verstaan word nie, maar as 'n gekorreleerde deel van die lewe. Die bruikbaarheid daarvan sien nie op die ekonomiese nie, maar wel op die betekenis wat dit vir aanpassing aan die goeie kan hê.

4. Die stof moet in die vierde plek nie op grond van

---

2) Ibid., bls.63.

logiese geskiktheid gekies word nie. Die gebruik om onderwerpe vir 'n les te kies omdat dit logies aaneenskakel moet sterk afgekeur word! Die keuse van voorwerpe op grond van hul logiese inpassing berus op die vrug van wetenskaplike denke, terwyl dit die doel van die opvoeding is om die kind, deur eie poging, eers later daartoe te lei. Skole is baie lief om logiese beginsels te beoefen in hul stofkeuse, dog "Phenomena will only become interwoven with the fabric of experience if they are consonant with the pupils interests."[3] Hoe ryk die natuur ookal mag wees, sal die gees van die mens dit tog nog altoos beter snap as dit in die natuurlike vorm aangebied word. Die uittoetsing van enige kursus aan die praktiese omstandighede bly egter 'n baie nodige voorsorgmaatreël...."We must be ready at every stage to modify and adapt them in accordance with the plain teaching of experience."[4] Die plek van logiese beginsels is vir hom eers van toepassing op meer gevorderde stadiums.

5. Daar is verder ook duidelike bewyse dat die studie van gehele, soorte en tipes, baie meer gepas is, as die studie van onderdele. Bestudeer liefs 'n plant in sy geheel as om 'n uitgebreide studie van sy stam, wortels, blare, blomme en vrugte, as aparte eenhede, te maak. 'n Lewensgeskiedenis van 'n studie-objek dra veel meer tot aanpassing by as 'n logiese analise daarvan. Aan die eenkant koppel die lewensgeskiedenis met die kinder-ervaring terwyl dit andersyds die werklikheid aanvoel.

Vir leerplanne moet die volgende beginsel in die algemeen geld: "living and organic phenomena will predominate at the outset."[5] Sodra die opvoedeling se belangstelling en aandag aan die groter eenhede afneem,het die tyd aangebreek om met onderdele te begin. Dan bereik ons die stadium waar

3) Ibid., bls. 67.
4) Ibid., bls. 71.
5) Ibid., bls. 71.

ons met die maak van modelle, versamelings en tuinwerk kan begin.

Adamson ag hierdie beginsels nodig by die keuse van leerstof vir alle skoolvakke, hoewel wetenskaplike vordering ogtor 'n breër interpretasie regverdig. In die lewe kom die mens vir Adamson te staan teenoor die natuur. Om sy betrekking daartoe te handhaaf kies hy natuurkennis, aardrykskunde, streek-aardrykskunde en natuurwetenskap. Deur middel van hierdie vakke moet hy aan die natuur aangepas raak. Maar die mens staan ook vir hom in noue voeling met die beskawingslewe en verpligtings. Derhalwe is aanpassing aan hierdie kultuurryk ook noodsaaklik. Dit moet dan tot stand gebring word deur die politieke, nasionale, godsdienstige en ekonomiese vesels van die gemeenskap. Die vakke wat veral op die orde inspeel, is meer gevorderde wetenskap, geskiedenis in al sy fases, ekonomie i.v.m. die invloed op die gemeenskap, en godsdiens, waaruit die mens sy inspirasie put.

Om tot sy einddoel, die werklikheid, aan te pas, maak Adamson in die skool gebruik van vakvoorligting wat die drie groot etiese standaarde van wetmatigheid, geluk en goedheid bewerk. Die gesonde fisiese lewe van 'n skool en die estetiese waarde wat semetrie, orde en skoonheid verskaf, is belangrike faktore vir sedelike vorming. Immers kan enige skoolvak 'n medium wees waardeur die stroom van sedelike invloed kan vloei. Hy wat dit soek sal dit orals vind, want die hele skepping spreek van goddelike inspirasie. In sy woorde, "it would be the depth of folly to ignore the stress, in the young at all events, towards the human in the divine". [6)]

(c) <u>Die ordening van die leerstof</u>.

As die kind in die skool kom, is dit in werklikheid nie

---

6) Ibid., bls. 372.

'n nuwe begin wat gemaak word nie. Daar het reeds heelwat plaasgevind in sy lewe om aanpassing te laat ontstaan. Die natuur het hy reeds leer verstaan as: " a world of things, ordered in space and beginning to be linked by relations of reaction!"[7] Om die natuur nou verder te leer ken, moet sy aktiwiteite, sy weetgierigheid en aanleg, ontwikkel en gelei word. Om dan sy verhouding deur aanpassing tot die natuur te bepaal, moet die leerstof uit natuurkennis, aardrykskunde, streek-aardrykskunde en die natuurwetenskappe gekies word.

Deur eie navorsing en ondersoeking moet hy deur lessies uit natuurkennis die natuurverskynsels leer ken; aardrykskunde moet die natuurorde aan hom afspieël as die woonplek van die mens, terwyl natuurkundige aardrykskunde die verskynsels van die aarde, die see en die uitspansel sal interpreteer. Op hierdie stadiums van ondersoek is die dinamiese kern in die ervaring nog objektief, d.w.s. die dwang is van buite, van die objektiewe kant. Sodra hy egter die natuur deur die natuur-wetenskappe benader, is daar 'n verskuiwing van die dinamiese faktor in die ervaring. Die subjek begin self 'n dwang uit te oefen oor die objektiewe in hierdie proses van gee en neem. Em, "adjustment means just this fundamental fact of forging and fitting his own key!"[8] In hierdie proses tree die self dan ook op die voorgrond. Die ordening van die leerstof i.v.m. die natuur-wetenskappe moet so gekies word dat die natuur as 'n lewende eenheid in die ervaring bestaan. Sy leerstof moet hom van stukrag voorsien. Waar Adamson aan die leerling en sy indiwidualiteit dink, gee hy ook besonder mooi gedagtes oor die indiwidualiteit van die natuur. Dit sal aan die kind 'n samehangende heelal i.p.v. samehangende wetenskappe verskaf.

---

7) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls.53.
8) Ibid., bls.99.

Derhalwe word die stof so georden dat die heelal eerstens gesien word as meganiese en fisiese energie, tweedens as gemiese reaksie en derdens as organiese en fisiese lewe, omdat dit sprekende fases van sy indiwidualiteit is. In die opsig sal die natuurwetenskappe die plek op die lesrooster met die humaniteite moet deel, soos wat die lewe in sy aanpassing aan die natuur en die kultuur, verdeel is. "The aim of education is the knowledge not of facts but of values!"[9] Met ander woorde, in die ordening van die leerstof is die beslissende beginsel dat die heelal of natuur as 'n werkende eenheid verstaan word. "The fabric of nature must be the focus of final adjustment, behind the coherent body of scientific truth and giving the warmth of concrete reality to it!"[10] Die natuur wat hy deur hierdie vakstudie leer ken het, bepaal vir hom sy betrekking of verhouding, as mens, tot die eerste werklikheidsorde - die natuur. Adamson plaas die aanpassing aan die natuur op logiese gronde as die eerste arbeidsveld vir die kind en derhalwe word sy leerstof so georden dat hy éérs aan die natuur aangepas moet raak.

As die mens, in die kultuur-orde, besig is om sy verhouding tot sy medemens te bepaal in die proses van aanpassing, dan het hy reeds 'n uitsig daarop verkry deur die natuurwette wat tot beide ordes gepolariseer is. In die vereniging van stof en gees, van natuur en wetenskap, het dit daaruit ook geblyk dat daar 'n aantrekkingskrag tussen die stoflike en die geestelike is. Waar die mens met sy verhouding tot die medemens besig is, werk hy met geestesstof. Die geskiedenis, godsdiens, tradisie, kultuur, ekonomiese verhoudings, en staatkundige ideologie wat op die spel is, want deur hierdie

---

9) Cambridge Essays on Education, Badley, bls. 12.
10) The Individual and the Environment, J.E.Adomson, bls.121.

dinge voel ons mekaar aan in die ryk van die beskawing. Die leerstof-ordening sal hier sover moet teruggaan dat dit die huidige betekenisvol kan interpreteer. Om 'n juiste interpretasie te kan gee sal sekere onderwerpe beklemtoon moet word en andere sal slegs sy funksie op die agtergrond moet vervul. Dis ook waar van die behandeling self. Die omstandighede sal die metode grotendeels bepaal. In die geval van taal en letterkunde behoort die uitgangspunt nie taallesse as sodanig te wees nie, die sentrale opvatting moet die taal as 'n draer van gedagtes sien. "A word is not a crystal, transparent and unchanging, it is the skin of a living thought, and may vary greatly in colour and content, according to the circumstances and time in which it is used."[11)]

In die kultuur-orde word die leerstof dan so georden dat dit lig sal werp op die vrae: Wie is my naaste en hoe moet ek hom behandel? 'n Bybelse gedagte interpreteer hier die antwoord: "Doen aan andere soos wat jy graag aan jouself gedaan wil hê!"

Die mens het egter ook rekening te hou met homself. Wat beteken dit om 'n mens te wees? Hierdie vraag beantwoord Adamson deur te beklemtoon dat die mens 'n vorm van selfvinding sal ondergaan. As 'n lewende, uitstralende wese, moet hy sy ontwikkeling van selfkennis daarop grond dat hy nie slegs in 'n laer biologiese sfeer van luste leef nie, maar ook in 'n hoër sfeer van waardes moet beweeg. Die elemente in die self, moet dus uitkom deur die aard van die leerstof wat opgedis word. Hiervoor is dit dan nodig dat leerstof so gekies moet word om die groot etiese waardes van wetmatigheid, geluk en goedheid te laat deurstraal in die proses van self-vinding.

---

11) Decision: Towne vs. Eisner. Holmes, 245, U.S.415.

Die redelike, die sosiale en die goeie in die self moet tot uiting kom.

Hiervoor ag Adamson 'n sedelike skoolomgewing, die inspirasie wat deur godsdiens straal, direkte en indirekte sedelike voorligting, daad en voorbeeld, as van besondere belang. In die doel-bepaling van die menslike lewe, soos dit deur aanpassing verwesenlik moet word, roep hy die krag van kennis, gevoel en wil in, want in die skepping van die sedelike moet die mens die lewens- en sedelike doel vrywillig aanvaar as 'n eie persoonlike ideaal.

En wanneer die sedelike ideaal - die hoogste eis vir sy aanpassingsgedagte - bereik is, het hy ook lid geword van die eeuwig werklike wat vir hom die godheid is. Daarom eis hy dan ook 'n leerstof-ordening wat geleidelik aanpassing aan sy drie werklikheids-ordes sal bewerk, want daardeur word die hoogste in die lewe bereik.

(d) Leerstof-indeling.

Uit die drie gangbare maniere of stelsels van leerstof-indeling en -organisasie: die tradisionele, die modern-wetenskaplike en die moderne aktiwiteitsbeweging, volg Adamson eersgenoemde, hoewel hy voorkeur gee aan 'n prosedure wat aanpassing i.p.v. vakkennis in die hand sal werk.

Derhalwe verkies hy 'n leerstof-indeling waardeur die leerlinge tot aanpassing aan die drie werklikheids-ordes gelei kan word. Die prosedure word hier deels aan die leerkrag en skool oorgelaat, en deels gekontroleer deur 'n offisiële leerplan. Die stof-indeling moet rekening hou met die lokale en bekende tuisomgewing, sodat elke skool dus aanvanklik 'n eie leerstof-indeling volgens sy eie omgewing sal vertoon. 'n Offisiële leerplan sal egter steeds as handleiding dien om die omvang en strekking van die werkgebied, te bepaal.

In natuurkennis en aardrykskunde, sal lessies gebasseer wees op verteenwoordigende natuurverskynsels wat die werking van die natuur as geheel besien, en waardeur die waarnemings- en elementêre afleidingsvermoë van die kind tot ontwikkeling moet kom. Lessies uit die natuurwetenskappe moet steeds voeling hou met die belange van die mens. Die kind moet steeds eksperimenteel ondersoek, en die waarhede daarna weer inpas in die natuurlike geheel.

Hoewel alle leerstof-indeling met die oog op aanpassing gekies word, moet die kind egter na die voltooiing van die vierde standerd reeds die beginsels van die instrumente onder die knie hê sodat lees en skryf en die vier hoofbewerkings van rekene geen tegniese moeilikhede meer oplewer nie. Die algemene leesstof en letterkundige bespieëling moet ook so gekies en ingedeel word dat dit aanpas by die ondersoek van die natuurorde, die ontdekking van die beskawings-orde en die skepping van die sedelike bestaan.

(e) <u>Leerstofbepaling vir die verskillende Kinderstadia</u>.

Watter leerstof ag Adamson nou geskik vir die verskillende ontwikkelingsstadia van die kind?

1. <u>Die voorskoolse kind</u>.

Oor hierdie aspek van die kind se lewe gaan hy van die veronderstelling uit dat die kind in sy spel en sosiale omgang met ander kinders, ouers, en die algemene natuur- en sosiaal kulturele omgewing, reeds 'n eie wêreld van dinge in ruimte georden en aaneengeskakel deur reaksie-verhoudings, opgebou het. Hierdie gedeeltelike eie aanpassing het deur informele onderwys plaasgevind en die instink van weetgierigheid, sowel as die emosie van bewondering, aangevuur. Die kind het dus reeds 'n elementêre begrip van gee en neem opgedoen in sy aanpassing gedurende sy voorskoolse jare.

2. <u>Die laerskool kind.</u>

Waar die kind nou in hierdie jare formeel moet kennis maak met die eintlike skoolleerstof en skoolbedrywighede, bou Adamson sy aanvangsonderwys op die informele onderwysinhoud waaroor die kind reeds beskik. Derhalwe is die orde van belangrikheid van die aanvangs-onderwysleerstof vir hom 'n empiries opgedane kennis, verkry deur natuurkennis, aardrykskunde, streek-aardrykskunde en later die elementêre natuurwetenskappe. Gepaard hiermee word aandag aan die instrumentele vakke gegee. Hierdie vakke staan egter nie los van die tot-dusver-beoefende vormende vakke nie, maar moet dit in werklikheid verder uitbou en belig. Die werkplan word dus so ingerig dat die informele die grondslag van die formele vorm met voorrang aan empiriese ervaring i.p.v. die redelike prosedure. D.w.s., die kind moet die natuur begryp deur konkrete waarneming, verbeelding en assosiasie. Dis nie die tydstip om dinge op hierdie stadium deur abstrakte denke en logiese prosedure te benader nie. "Manual work, arithmetic and reading are aids to adjustment growing organically out of naturestudy."[12)]

Uit die natuurkennis, aardrykskunde en streek-aardrykskunde sal ook die wetenskaplike bewussyn gebore word en ekstensiewe en intensiewe ervaring moet die gloed van emosionele aanvoeling dra. Die verbeelding moet 'n vrye loop gegun word, sodat die kind sy gegewens van 'n eie stempel kan voorsien. Die omgewing moet as 't ware in die persoonlikheid ingroei.

Op die wyse sal die natuur dus die grondslag vir primêre onderwys vorm. Dit sal die bril wees waardeur daar na die

---

12) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls.76.

laerskool leerplan gekyk moet word. Die beginsel van inspirasie wat daar uit ander vormende vakke, soos godsdiens en geskiedenis straal, sal egter nooit uit die oog verloor word nie daar die skone, sowel deur vakke as skoolomgewing, voorligting, voorbeeld en daad, gedurig alle aktiwiteite sal vergesel met die oog op voorbereiding vir aanpassing aan die beskawing en die sedelike. Op die wyse moet die laerskool die kind dan voorberei en ontwikkel om hom gereed te maak vir breër uitvoeling op die middelbare-stadium.

3. Die middelbare skoolkind.

Vir Adamson is die grens tussen die laer en die middelbare onderwys die voltooiing van die vyfde standerd. Soos ons reeds aangetoon het, behoort die kind die instrumentele vereistes aan die end van standerd vier te voltooi. Een jaar verder leiding in die laerskool leer hom om met die aangeleerde instrumente self te werk. Aan die begin van std. VI word hy dan, op sowat 12- tot 14-jarige ouderdom, na sekondêre onderwys-inrigtings oorgeplaas. Op hierdie stadium behoort die leerlinge in besit te wees van 'n redelik hegte fondament van vordering sodat hy, deur die aanwending van die instrumente, selfstandige verwerwing van kennis en vaardigheid kan beoefen. Verder was hy in die aanpassingsproses, deur die voornoemde vakke en prosedures grootliks 'n empiriese werker. Met die aanvang van middelbare onderwys word sy werkwyses meer wetenskaplik en esteties van aard. "With the dawn of adolescence mental life deepens and the opportunity for a more serious investigation of natural phenomena in their relation to the needs and aspirations of men, has arrived."[13]

Deur streek- en vergelykende aardrykskunde het hy nie

---

13) Ibid., bls. 85.

slegs net bewus geword van die heelal as 'n natuurlike eenheid nie, maar het dit ook as politieke eenheid vir hom die woonplek van die mens geword.

Aanpassing aan die natuur deur die natuurwetenskappe verg nou 'n swaartepunt-verskuiwing. Waar die dinamiese krag eers in die objektiewe gelê het, word dit nou na die subjektiewe verskuif. Hierdie verskuiwing is 'n belangrike fase in die ontwikkelingslewe van die kind omdat die ego-werksaamheid nie slegs aanpas nie maar ook invloed uitoefen. "The contribution of the subject is cognitive in organising nature, affective in finding beauty in it and cognative in selecting for organisation and appreciation those aspects which interest it."[14] Die mag van beïnvloeding deur 'n eie dinamiese optrede verskaf ook 'n vat op die kultuur- en sedelike ordes en dit is nou die taak van die skool om hierdie stukrag van die kind verder uit te bou en te ontwikkel. In die laerskool het natuurkennis hom tot en met std. V as empiriese waarnemer gelei; vanaf std. VI tot std. X sal hy langs die weg van redelike aktiwiteit 'n eie invloed uitoefen. Veldwerk en uittoetsing van die instrumente en resultate volg mekaar gereeld op, want hy moet deur die natuurwetenskappe leer om te kan redeneer oor die dinge wat hy sien en hulle wetenskaplike betekenis vir die mens. En daarom is dit nodig dat hy gedurende hierdie jare met meer as een vertakking van die wetenskap sal kennis maak. Fisiologie en gesondheidsleer, matesis, biologie, gemie en fisika - "such a course would... mediate adjustment to the individuality of nature on its physical and chemical side, and it would bring science into immediate and practical relation with individual and social well-being."[15] Waar die hele mens aan die hele natuur moet

---

14) Naturalism and Agnosticism Vol.II bls. 131, Dr. Ward.
15) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls.134.

aanpas, is daar objektiewe sowel as subjektiewe beperkings. Die grootsheid en omvang van die natuur kan ten beste gedien en ingeperk word deur 'n keurige en verteenwoordigende indeling van die leerstof-gegewens. Die beperktheid van die mens kan aangevul word deur uitgebreide geleenthede en ware invoelende en werklike aanpassing.

Die middelbare onderwysjare verskaf verder die geleentheid om met die kultuurwêreld in volle sin kennis te maak. Deur die ervaring, wat deur middel van vakke soos geskiedenis, godsdiens, ekonomie, ens., aan die leerlinge gebied word, groei die sin van die beskawingsgedagte en die ontwikkeling van 'n mens wat bydra en inneem. In hierdie afdeling van die opvoeding, nl. aanpassing aan die sosiale gemeenskap, is daar nie uitsluitend vasgelegde faktore waardeur die skool werk nie, want aanpassing maak van alles in die wye wêreld gebruik. "Ultimately all social forces and agencies have double-edged adjustment as their inevitable effect, for better or worse."[16] Derhalwe sal die skool hoofsaaklik rigtinggewend te werk gaan. Sy bydrae bestaan daarin dat dit die gemeenskap as 'n ervaringswerklikheid, in sy geheel, as 'n duurgekoopte demokratiese vryheidsorganisasie, sal laat ontplooi. In die opsig het Adamson 'n hoë dunk van nerings-aanpassing bewerk deur sekere tipes van skole, vak-korrelasie en vakinvloede. "Sound educational theory must maintain the principle of continuity, between school and life after school, and accept the inference that all schooling should be vocational, and that the vocational criterion, liberally conceived, should be applied to all educative processes without exception."[17] Taal en letterkunde, natuurwetenskap,

---

16) Ibid., bls. 220.
17) Ibid., bls. 249.

matesis, geskiedenis en burgerkunde sal die sedelike orde se vereistes duidelik afspieël.

Ten slotte moet die aanpassing aan die sedelike dan die werksaamhede van die middelbare skool afsluit, sodat die kind daardeur voorberei word vir aanpassing aan die lewe in sy werklikheid. "The creation of the moral order is the essence of adjustment but for that constructive task the materials are ready to hand just because the work of the Divine Architect is visible in the fabric of experience which the individual inherits".[18] Daarom moet die middelbare skool 'n breë leerplan opstel, sodat elkeen na sy vermoë en aanleg tot voorbereiding van die lewe kan kom.

(f) '<u>n Volledige Adamson leerplan.</u>

In 1917 het Adamson met behulp van die opinies van skoolhoofde en spesialiteite van hoërskole 'n volledige leerplan uitgegee wat strek vanaf die grade tot standerd X. Voorheen was daar wel volledige laerskool-leerplanne in gebruik, maar die middelbare skole was nog deur die eise van die matrikulasie eksamen gebind en die verskyning van nuwe leerplanne vir die hele skoolstelsel was dus 'n nuwe prestasie.

Voortaan sou hierdie leerplanne 'n deurlopende koers bepaal wat by die grade sou begin en op die matrikulasie uitloop. Tot dusver was die afwesigheid van 'n deurlopende leerplan nog altyd 'n swakheid. Die laerskool-leerplan is nou vereenvoudig, die afrondingseise vir skoolverlaters na std. VI is verwyder, en die aansluiting by die middelbare leerplan is in orde gebring. Leerlinge kon dus voortaan sonder tegniese leerplan-hindernisse 'n sewende, agste of negende jaar by hul laerskool-loopbaan voeg. En indien leerlinge nie van hierdie geleenthede wou gebruik maak nie was

---

18) Ibid., bls.371.

Adamson van mening dat hul daartoe verplig moes word. 'n Langer skoolloopbaan was noodsaaklik. "Meanwhile nothing but good can result from the removal of a barrier which has made it impossible to create a whole out of the artificial divisions of school education."[19)]

Die opgestelde leerplan van middelbare skole het weggedoen met die bande waarmee die matrikulasie-eksamen hierdie skole gebind het. Die nuwe leerplanne sou die nodige vryheid verskaf waarna almal uitgesien het. "These courses are meant to be typical."[20)]

Tot en met std. VI word alternatiewe kursusse in die reël nie toegestaan nie, aangesien die eerste ses skooljare die grondslag is waarop alle verdere onderwys moet rus. Vir die laaste vier jaar sal afwykings gunstige aandag geniet, indien dit opvoedkundige doeltreffendheid en leerplan-vryheid in die hand sou werk.


Hoewel hierdie nuwe leerplan die bestaande 11-jaar skema tot 'n 10-jarige verminder het, was die doel daarvan nie inperking nie, maar wel uitbreiding van die opvoedkundige geleenthede. Meer leerlinge behoort 'n deel aan middelbare onderwys te hê. "The conception of a primary course for the many and a secondary course for the few should give place to the conception of a complete course for all who can profit by it."[21)]

Diagram ter Toeligting van die Verskeidenheid en duur van die Skoolkursusse.

---

19) Leergangen voor de Voornaamste Vakken onderwezen op de Gewone Lagere School ens, -1917. J.E.Adamson.
20) Jaarverslag 1916, bls. 23.
21) Leergangen voor de Voornaamste Vakken ens. bls. 5.

Diagram ter Toeligting van die Verskeidenheid en duur van die Skoolkursusse.




'n Afgeronde skoolkursus sou dus uit 'n junior, 'n middel of primêre en 'n sekondêre afdeling bestaan. Die junior afdeling sou ongeveer 2½ jaar in beslag neem, waarvan 1½ jaar aan die grade toegestaan word. Voorlopig sou die middelste of laer-afdeling vyf jaar in beslag neem, d.w.s. totdat std. VI voltooi is. Vir alle kursusse was 'n junior en 'n laer afdeling 'n vereiste. Die lengte van die kursusse in die middelbare afdelings sou van mekaar verskil volgens die aard van die kursus.

Dit ontbreek aan ruimte om 'n volledige bespreking van die verskillende vakke in elke afdeling te gee. Derhalwe wys ek slegs daarop dat die twee offisiële tale en rekene die hooftemas van die junior-afdeling is en ook 'n vereiste vir die volledige kursus uitmaak. Algebra neem 'n aanvang met die sewende jaar en meetkunde word in die sesde jaar begin. Die vormende vakke word gaandeweg ingevoer terwyl

die leergange vir handelsvakke, huishoudkunde, en ambag en tegniese inrigtings bepaal word.

(g) Kritiese Beskouing.

Adamson se inhoud van die opvoeding hou verband met sy opvoedingsdoel. Hy verlang 'n mens wat die natuur sal ken en liefhê wat hom in die samelewing sal kan beweeg en wat daarby ook 'n sin het vir die diepere betekenis van die lewe, nl. sedelike oriëntasie. Hierdie vorming van die mens beskryf hy as aanpassing. Terselfdertyd is hy egter versigtig hoe hy sy leerlinge lei. Sy aanpassingsweg moet die groeiende en ontwikkelende kind nie oormeester nie, en daarom word hy van stap tot stap op praktiese wyse gelei om sy wêrelde te leer ken. In hierdie proses heg hy besondere waarde aan verskeidenheid van aanbieding waar die instrumentele vakke in die diens van sy aanpassingsgedagte staan. Waar hy die besonderhede van die leerplan aan die skool oorlaat, handhaaf hy die beginsel van leerplan-vryheid, sodat elke skool as 't ware die geleentheid gebied word om 'n eie indiwidualiteit te ontwikkel.

In sy stofkeuse handhaaf hy gesonde opvoedkundige en sielkundige beginsels deur te sorg vir aktiewe belangstelling, die ontwikkeling van 'n eie navorsingsvermoë en deur groter klem op die vorming en ontwikkeling van die kind te lê as op die hoeveelheid kennis wat hy verower.

In sy volledige leerplan het hy voorsiening gemaak vir die ontwikkeling van die verskillende aanlegsrigtings van kinders. Myns insiens het hy met hierdie leerplan egter die oog meer op die lewens- en beroepsvoorbereiding, as op aanpassing gehad, omdat sy leerplan in die junior- en middel-afdelings die vormende vakke nie sterk genoeg beklem-

toon het nie. Hoewel hierdie leerplan etlike jare voor sy standaardwerk[22] verskyn het, sou ons wel kon verwag dat sy eie standpunt sterker daarin sou deurgestraal het. Miskien het tradisie daar baie mee te doen gehad dat dit toe nog nie die geval was nie.

---

22) The Individual and the Environment 1921.